

Gevaarlike chemiese reaksies by die huis!

Junie 2016



Het jy geweet dat die vermenging van sommige huishoudelike skoonmaakmiddels dodelik kan wees? Baie skoonmaakprodukte bevat waterige ammonia. 'n Chemiese stof wat dikwels tuis gebruik word is bleikmiddel – 'n wateroplossing van natrium hipochloried. Ons voeg bleikmiddel by ons wasgoed en gebruik dit ook vir algemene reiniging en ontsmetting tuis. Wanneer jy hierdie twee chemikalië meng, skep die chemiese reaksie giftige gasse wat chloramiene genoem word. Dit kan lewensgevaarlik wees om hierdie gasse in te asem. Jy sal baie berigte oor ernstige beserings en sterftes as gevolg van die vermenging van hierdie en ander algemene huishoudelike chemikalië op die Internet vind.

In volgende maand se *Beacon* sal ons 'n instrument bespreek wat 'n chemiese interaksie-matriks genoem word. Dit word deur baie organisasies gebruik om potensiële gevare van die vermenging van onverenigbare chemikalië oor te dra.

Wat kan jy doen?

- Deel hierdie *Beacon* se inhoud met jou familie en vriende.
- Neem jou prosesveiligheidskennis huis toe! Aangesien jy met gevaarlike stowwe en prosesse werk, het jy spesiale ervaring en opleiding wat waardevol is buite die werksomgewing. Herinner jou vriende en familie om veiligheidsmaatreëls te volg soos jy by die werk sou doen wanneer jy gevaarlike stowwe gebruik. Jy kan 'n lewe red! Byvoorbeeld:
 - Lees altyd waarskuwingsetikette op huishoudelike produkte en volg die aanbevole voorsorgmaatreëls om dit te stoor en te gebruik.
 - Gebruik altyd die aanbevole beskermingstoerusting soos gespesifiseer op die produktiket.
 - Wanneer jy met gevaarlike stowwe by die huis werk, moet jy altyd seker maak dat jy goeie ventilasie in die werksarea het om gevaarlike dampe uitmekaar te dryf.
 - Moenie huishoudelike produkte meng as jy nie die potensiële reaksies en gevolge volledig verstaan nie.
- Stel 'n goeie voorbeeld vir jou vriende en familie. Wanneer jy gevaarlike stowwe by die huis gebruik, moet jy hulle met dieselfde respek hanteer as by die werk. Indien jy sien dat ander mense gevaarlike stowwe sonder die nodige veiligheidsvoorsorgmaatreëls hanteer, moet jy hulle help om te verstaan hoe om die stowwe veilig te gebruik.

Neem jui veiligheidskennis huis toe en deel dit met ander!